Hartley Road Primary School

Afrikaans – Grade 3 – Term 3 Work

Instructions

- You are required to read the story "Luiperd se huis" and learn the vocabulary provided.
- Complete the section on matching using lines.
- Learn **question words** in Afrikaans to help you understand comprehension questions.
- Read "Beskrywing van huise" (description of houses) and provide your own answers for the 3 questions.
- Practice reading the dialogue. Answer the questions that follow.

Luiperd se huis

Luiperd wil 'n nuwe huis in die bos hê. Al die diere sê hulle sal help bou.

Leeu bring takke nader. Renoster bring die gras.

Sebra bou die mure met takke.

Aap maak 'n dak van gras. Bok maak 'n deur met blare.

Toe Luiperd daar aankom, is die huis klaar!



Luiperd is onvriendelik. Hy sê nie dankie nie.



Die diere is kwaad vir Luiperd. Hoekom kan hy nie vir hulle dankie sê nie? Hulle het so hard gewerk. Hulle moet vir Luiperd 'n les leer!



Daardie aand gaan Olifant, die grootste en sterkste dier, na Luiperd se huis toe. Hy breek die huis af. Hy trap dit plat.



Luiperd skrik. Hy hardloop weg.



Van daardie dag af bly Luiperd alleen in die bos.

Woordeskat (Vocabulary) – "Luiperd se huis"

nuwe – new	mure – walls
bou – build	deur – door
takke – branches	klaar – completed
kwaad – angry	onvriendelik – unfriendly
les leer – to teach/ learn a lesson	breek af – break down
plat – to flatten	bly – stay
alleen – alone	hardloop weg – run away

Wat sê die storie?

Pas die sinne in kolom B by die regte diere.

A	B
Luiperd	a) gaan haal die gras.
Leeu	b) maak 'n deur met blare.
Renoster	c) bring takke.
Sebra	d) maak 'n dak van gras.
Aap	e) wil 'n huis hê.
Bok	f) breek die huis af.
Olifant	g) bou die mure met takke.

Vraag Woorde (Question Words)

Wat – What	Wie - Who
Watter – Which	Hoekom/ Waarom – Why
Wanneer – When	Hoeveel – How many
Omkring (circle) die regte antwoord – Circle the correct answer.	Pas die sinne in kolomn B met… - Match the sentences in coloumn B with ….

Luistertyd: Beskrywing van huise

Luister na die sinne oor verskillende huise.

Dit is 'n kliphuis. Die huis is van **klip** (*stone*). Die dak is van sink.

Dit is 'n houthuis. Die huis is van **hout** (*wood*).

Dit is 'n modderhut. Die hut is van **modder** (*mud*). Die dak is van gras.

Dit is 'n sinkhuis. Die huis is van **sink** (*tin*).

Dit is 'n baksteenhuis. Die huis is van **stene** (*bricks*) en **sement** (*cement*).

Dit is 'n **woonstel** (*flat*). Die woonstel is van stene en sement. Die dak is van sink.

Skryftyd

Voltooi die sinne oor jou huis.

1. My huis is van ... gebou. Die dak is van ...
2. Die kleur van die mure is ...
3. Die kleur van die dak is ...

Luister en praat: Dialoë

Luister na die dialoog en herhaal dit.

Leerder 1: Waarvan is jou huis gebou?
Leerder 2: My huis is van hout gebou. En jou huis?
Leerder 1: My huis is van bakstene en sement gebou. Die dak is van sink.
Leerder 2: Watter kleur is jou huis?
Leerder 1: Die huis is wit. Die dak is rooi. En jou huis?
Leerder 2: Die huis is bruin. Die dak is groen.

<u>Beantwoord die volgende vrae</u>

1. *Gee die adres van jou huis.*

   _____.

2. *Wat is die kleure van die mure en die deur van jou huis?*

   _____.

3. *Hoeveel slaapkamers is daar in jou huis?*

   _____.

4. *Het jy 'n kantoor (office) in jou huis? Sê Ja of Nee.*

   _____

5. *Is jou huis groot of klein?*

   _____.